

## Kort- en langtermyn strategie vir Maitland

### Huis van Veiligheid vir Moeders en Kinders - slagoffers van geweld.

Maitland Gemeenskapskerk (MGK) beoog om een vleuel van die kerkgebou te omskep in 6 kamers vir moeders en kinders. Die tehuis sal 'n plek van veiligheid bied vir 30 - 60 dae aan moeders en kinders wat dringend behuising benodig. Die plasing sal gedoen word deur Mosaiek – hulle is geleë in Wynberg – en die plaaslike ACVV. Die fasiliteit sal vervul in die behoefte aan interim behuising, waar daar nie beddens by bv. Saartjie Baartman of St. Annes beskikbaar is nie. Mosaiek is 'n NGO wat spesifiek vroue wat slagoffers van geweld is bemagtig en help in die pad na genesing. Hulle doen ook aktiewe werk in gemeenskappe oom geweld te voorkom. Mosaiek het nie 'n residensiele fasiliteit nie, en telkens moet vroue 2 - 3 jaar wag om uit hulle situasie te kom, omdat hulle nie onmiddellike verblyf kan kry nie. Mosaiek het ingewillig om met Maitland in vennootskap te gaan en spesifiek assesserings en plasing na ons tehuis te doen. Mosaiek sal ook die betaling van 'n maatskaplike werker en 'n admin persoon hanteer vir die jaar 2019 – wat deur die HWSETA program geplaas sal word en vanuit MGK sal werk. Die vennootskap met Mosaiek sal uitgebrei word i.t.v. werkswinkels wat by MGK aangebied word rakende werksgereedheid, voorkoming van geweld, ouerskap en persoonlike ontwikkeling. MGK hoop ook om 'n aantal personeel in trauma berading op te lei.

Die projek sal 'n aantal bene en fases hê, wat holisities die saak van gender-gebaseerde geweld sal aanspreek. Ondersteuning aan ma's i.t.v. genesing en bemagtiging tot werksgereedheid en sinvolle integrasie sal in die eerste fase geskied. D.m.v. Badisa se Smart Start program sal die kinders van hierdie families ook bedien word in die eerste fase. In 'n tweede fase sal 'n plaaslike VKO program ontwikkel word en voorkomende werk gedoen word d.m.v. die 1000dae program vir swanger moeders.

Die direkteur van Creatividad is gekontrakteer om 'n projekplan vir ons op te trek wat as basis dokument in ons vennootskap met Mosaiek, die ACVV en Grootte Kerk sal dien. Grootte Kerk het die bedrag van R200 000 beskikbaar gestel vir die bou van die kamers (dit sal egter nog nie ablusie geriewe insluit nie).

### Maitland Gemeenskaps kerk en huidige vennoote

Maitland Projekspan, wat bestaan uit predikante van vennoot-gemeentes, Nioma Venter van Badisa en 'n aantal kundige besigheidspersone, het die volgende strategie i.t.v. die korttermyn onderhouding van die gemeente geïdentifiseer. Die huidige vennootskap tussen Maitland, Kenridge, Welgemoed, Grootte Kerk en Pinelands sal versterk en geformaliseer word. Die vennootskap sal ook ander vennote innooi wat kundigheid het in die ontwikkeling van nuwe bedieningsmodelle - bv. Vredelust. Die vennootskap neem mede-verantwoordelikheid vir die bediening van Maitland Gemeenskapskerk. Ondersteuning van Maitland se leierskap sal hopelik kan plaasvind deur die skakeling van die leraar (en ander personeel) met die bedieningspan, kerkraad en administratiewe personeel van 'n moeder/pleeg gemeente(s).

In die toekomstige bediening van MGK bly die volgende elemente essensieel tot die roeping en identiteit van die gemeente:

- Die gemeente is 'n tuiste vir 'n diversiteit van kulture en mense uit verskillende ekonomiese omstandighede.
- Die gemeente voorsien in die basiese materiele behoeftes en onmiddellike nood waar moontlik - deur kospakkies, sanitêre ware, water, komberse.
- Die gemeente is 'n bediening van die weerloses aan die weerloses - haweloses word erken as volwaardige lidmate en bedien mekaar.
- Die gemeente beskou die waarde van *eenvoud* en *openheid* as sentraal tot haar bediening - beide in eredienste en in gemeenskapsbediening.